Oktober 2003

Dagsê Alle belangstellende in die geskiedenis van Pretoria,

Ek was verlede maand by die Hospice maar was baie teleurgestel. Daar was geen ou Afrikana boeke nie. Miskien was ek op die verkeerde Saterdag daar. Julle sal egter nooit raai wat ek by Melrose Huis se Antieke Mark raakgeloop het nie!!! A.G. Oberholster se boek "Oorlogsdagboek van Jan F.E. Celliers". Net jammer dit is 'n maand te laat. Ek sal later iets meer daaroor skryf as ek dit klaar gelees [of moet ek sê ontsyfer] het. Dit is in Hollandse-Afrikaans geskryf. Ek kan egter sien waarom hy so 'n groot digter was. Een stukkie wat ek gelees het is 'n kostelike beskrywing van wat gebeur as hy help om osse in te span.

Ek het 'n interessante stuk ontvang van Mari Mosterd oor die eerste blanke inwoners van Pretoria. Sy is besig om navorsing te doen oor o.a. die Minnaar familie. Ek wou daaroor skryf maar het besluit om dit te los vir later en eers te skryf oor eienaars van die eerste plase in die Pretoria omgewing.

**<u>Eerste plase in Pretoria en omgewing</u>**

In die vroegste tye het elke persoon 'n stuk grond uitgesoek en dit beset. Dit word dan later deur 'n veldkornet geïnspekteer [namens die landdros van Rustenburg]. Tydens die inspeksie is die plaas opgemeet en die grenslyne vasgelê, sodat die bakens van elke plaas opgerig kon word. Eiendomsreg is dan uitgereik en in die Rekord van die landdros aangeteken. Die aanhef van die oudste inspeksierapport van Pretoria se plase lui as volg: "Rapport van Inspectien van Plaatzen door G.J. Kruger, M.J. Redelinhuys, W.J. Grobler gelegen aan die Magaliesberg, geinspecteerd in den maand Augustus 1841".

Na die stigting van Pretoria in 1855 is 'n Registrateur van Aktes aangestel en persone kon toe hul eiendom registreer en Transportaktes verkry.

Die onderstaande lys kom uit Pretoriana tydskrifte en is gegrond op navorsing van W. Punt en Dr. N.A. Coetzee.

**<u>Cameelvontyn</u>**

* Geïnspekteer 15 Augustus 1841. Naam van Verzoeker: Gerhardus Dirk C. Coetzee.

**<u>Dassjespoort</u>**

* Geïnspekteer 15 Augustus 1841. Naam van Verzoeker: F. du Plessis.
 Vandag bekend as <u>Daspoort</u>.

* Met die eerste Akteregistrasies is dit in die naam van F.W.S. du Plessis geregistreer op 8.3.1856. Die bakens tussen Elandspoort en Daspoort is op 27 Februsrie 1851 soos volg beskryf deur veldkornet Kruger: "Ek, ondergetekende G.J. Kruger, bekende hiermede de plaatszijn bakens aangewezen te hebben, te weten de plaatsen genaamd Daspoort en Elandspoort, van de hoogste kop post, met een regte lijn naar dei zwarte lap doorns, west tien treden boven de Dam van den Heer Joachim Prinsloo gaat de lijn deur."

[Ek wonder waar die dam van Prinsloo was? Volgens Rex is die hoek van Boom-, Du Toitstraat en Soutpansbergweg die terrein van die eertydse woning van J.J.P. Prinsloo (Joggem Tweeduim). In sy huis het Kaptein Struben met die eerste skool in Pretoria begin (in die buitekamer) wat later oorgeplaas is na die woonhuis van M.W. Pretorius (kommandantgeneraalswoning wat later die "Oude Pastorie" van di. Begeman en Bosman geword het op die terrein van die teenswoordige Paleis van Justisie.]

* Volgens R. Peacock in Die Geskiedenis van Daspoort was die oorspronklike plaas in lening uitgegee aan F.W.S. du Plessis op 8 Maart 1856 nadat 'n gedeelte toe alreeds deur J.J.Prinsloo aan President M.W.Pretorius verkoop is.

* Die deel wat deur Pres. Pretorius gekoop is, was 461 morge groot en het geloop vanaf Prinshof (waar die Algemene Hospitaal is) deur die Apiesrivier tot in die middestad van Pretoria. Vanaf 1860 is die deel van die oorspronklike plaas weggeneem en word daarna nooit weer na die deel verwys as Daspoort nie, maar wel as dorpsgronde van Pretoria.

**de Onderstepoort**

* Geïnspekteer 10 Augustus 1841. Naam van Verzoeker: Susara Magritha Jacobs Weduwee Erasmus.[As ek dinge reg verstaan beteken dit dat S.M. Jacobs getroud was met Erasmus. Na sy dood staan sy bekend as S.M. Jacobs Weduwee Erasmus]

**de Poort**

* Geïnspekteer 5 Augustus 1841. Naam van Verzoeker: J.J. Kloppers.

**de Weyde Hoek**

* Geïnspekteer 8 Augustus 1841. Naam van Verzoeker: D. Botha en Jan D. Cronje.

**Doornhoek**

* Geïnspekteer 5 Augustus 1841. Naam van Verzoeker: F. Wolmerans F. zoon en C. Vroneman.[Dit beteken die versoeker is F. Wolmerans, die seun van F. Wolmerans (snr)]

**Doornkloof**

* Geïnspekteer 9 Augustus 1841. Naam van Verzoeker: Daniel Elardus Erasmus.

**Dwarsvalley**

* Geïnspekteer 20 Augustus 1841. Naam van Verzoeker: Jacobus Scheepers de Oude.

**Elandsvontyn**

* Geïnspekteer 11 Augustus 1841. Naam van Verzoeker: P.L. Venter Ja. zoon.
[Versoeker is die seun van Ja. Venter]

**Eylands vontyn**

* Geïnspekteer 6 Augustus 1841. Naam van Verzoeker: G. Wolmerans en Hans J. Erasmus.

**Eylands Poort** gelegen aan de bovenpunt van Aaprivier van daar door ongelykheid van veld naar gissing die Hoekbakens aangewezen en opgeregt.

* Geïnspekteer Augustus 1841. Naam van Verzoeker: G. Bronkors.

Vandag bekend as Elandspoort waarop 'n gedeelte van die stad Pretoria uitgelê is.

* Plaas getransporteer op 6.11.1857 deur Govt. aan Gerrit Bronkhorst.
* De Helfte der plaats ten weste van Apies-rivier getransporteer op 6.11.1857 deur Estate late G. Bronkhorst aan 1. P.C. Minnaar Sr. 2. P. Opperman 3. A.P.J. van der Walt 4. M.W. Pretorius.
* Een/derde deel getransporteer op 22.12.1859 van P.C. Minnaar aan Andries Francois du Toit.

**Franspoort**

* Hierdie plaas is oorspronklik deur Francois Alwyn van den Berg beset.
* Op 18.4.1861 op sy naam geregistreer. Hy verkoop dit later aan die firma William Gray and Company

**Garstfontein**

* Die plaas is in 1842 beset deur J.A. Beetge wat met een van die dogters van Bronkhorst getroud was. Dit is dan ook op sy naam deur die Aktekantoor op 14.3.1859 geregistreer. Sy nageslagte het deel E op 11.6.1898 oorgemaak aan Frederik Conraad de Beer.

**Garsvontyn**
* Geïnspekteer 9 Augustus 1841. Naam van Verzoeker: Susara Jo. Bronkors Weduwee Holstuyse.

**Groenekloof**
* Geïnspekteer 9 Augustus 1841. Naam van Verzoeker: Lucas C. Bronkors.
Vandag bekend as Groenkloof. Die Fonteinedal is op die plaas geleë en dit vorm deel van die stad Pretoria.
* Met registrasie op 8.7.1859 kom Groenkloof op L.C. Bronkhorst se naam in die Akteskantoor. Om die watervoorraad van die gestigte Pretoria-dorp te verseker, is 'n deel van die Groenkloof van L.C. Bronkhorst op 8.7.1959 vervreem en het hy dorpserwe in ruil gekry.

**Haakplaats**
* Geïnspekteer 10 Augustus 1841. Naam van Verzoeker: Jan Prengel.

**Hartbeespoort**
* Dit is die plaas waar die huidige Pioniersmuseum vandag geleë is. Die plaas is oorspronklik deur David Alwyn Botha beset.
* Word op 23.6.1858 deur die Aktekantoor op sy naam geregistreer. Op die selfde datum gaan 'n gedeelte oor op die naam van Guilaume Christoffel Vermeulen.
* Op 20.11.1858 verkoop DA Botha die ander gedeelte aan Frederik Matthys de Beer.

**Hennops Rivier**
* Geïnspekteer 7 Augustus 1841. Naam van Verzoeker: Helena Hennop Weduwee.
[Ongelukkig word daar nie gemeld wie se weduwee sy was nie]

**Kaffersnek**
* Geïnspekteer 12 Augustus 1841. Naam van Verzoeker: Stephanus Kruger de Oude

**Koedoespoort**
* Oorspronklik is die plaas in 1842 deur Lucas Cornelis Bronkhorst beset.
* Op 6.7.1859 is dit in sy naam geregistreer.

**Krokodils drift**
* Geïnspekteer 12 Augustus 1841. Naam van Verzoeker: D.G. Kruger C. zoon.

**Mooiplaats**
* Oorspronklik is hierdie plaas in 1842 beset deur Coert Erasmus Senior.
* Die Aktekantoor registreer dit op 22.5.1866 in sy naam, en op dieselfde dag word dit oorgedra aan die erfgename naamlik Willem Frederik Erasmus, Coert Erasmus Junior en Hendrik Frederik Grobler.

**Oliphants Vontyn**
* Geïnspekteer 10 Augustus 1841. Naam van Verzoeker: F.A. Strydom.

**Pienaarspoort**
* Hierdie plaas is op 4.6.1855 op die naam van Anna Kathrina ter Brugge deur die Aktekantoor geregistreer, met die mede eienaar Jacob ter Brugge

**Rhenoster Poort**
* Geïnspekteer 5 Augustus 1841. Naam van Verzoeker: W. Botha.

**Rietvalley of Rietvallei**
* Geïnspekteer 9 Augustus 1841. Naam van Verzoeker: Susanna Margaretha Jacobus Weduwee Erasmus. Hierdie plaas word later Rietvlei genoem.

* Dit is op 24.2.1859 op haar naam geregistreer.

**Rietfontein** (375 JR)
* Hierdie plaas wat later een van die voorstede van Pretoria geword het, is in 1842 beset deur Daniël Elardus Erasmus.
* Dit word op 27.6.1859 deur die nuwe Aktekantoor in sy naam geregistreer as groot 2681 morge 218 vierkante Roede.

**Rietfontein** (321 JR)
* Hierdie gedeelte van die latere Pretoria-voorstad is oorspronklik en 1842 beset deur Willem Johannes Prinsloo. Die grootte was 2056 morge en 12 vierkante Roede.
* Dit is dan ook later op 28.9.1859 deur die Aktekantoor op sy naam geregistreer.

**Rietvontyn**
* Geïnspekteer 6 Augustus 1841. Naam van Verzoeker: D.J.J. Oostuyse.

**Spets Kop**
* Geïnspekteer Augustus 1841. Naam van Verzoeker: Jan Jacobs M. zoon.

**Swartkop**
* Geïnspekteer 8 Augustus 1841. Naam van Verzoeker: Daniel Jacobus Erasmus de Oude.
* Dit is op 15.9.1856 op sy naam geregistreer.
* Rooihuiskraal is op ‘n gedeelte van hierdie plaas uitgelê en die slag van Rooihuiskraal in die 1880/81 Vryheidsoorlog het hier plaasgevind.

**Swart Kop**
* Geïnspekteer 7 Augustus 1841. Naam van Verzoeker: F.A. Strydom en H. Wolmerans.

**Wilgerspruit**
* Geïnspekteer 8 Augustus 1841. Naam van Verzoeker: D.J.J. Oosthuyzen.

**Wonderboom**
* Geïnspekteer 10 Augustus 1841. Naam van Verzoeker: Erasmus de Oude.

**Zwavelpoort** (373 JR)
* Oorspronklik in 1842 beset deur J.S.G. Bronkhorst.
* Op 27.9.1859 deur die Registrateur van Aktes op sy naam geregistreer.

**Bronnelys**
Coetzee, Dr. N.A. Die grondleggers van die stad Pretoria op die eerste plase. Pretoriana No. 102 Maart 1993

Peacock, Dr. R. Enige Herinneringe van Tant Malie Postma. Pretoriana No. 20 Julie 1956

Peacock, Dr. R. Die Geskiedenis van Hercules I. Pretoriana Deel 2, Nr. 2 Desember 1952

Ploeger, Dr. Jan Over-Vaal The history of an Official Residence. Printed by order of the Transvaal Provincial Administration Pretoria 1963

Punt, Dr. W. Inspeksierapport van Pretoriase Plase – Aug. 1841. Pretoriana Nrs. 26 & 27 April-Augustus 1958

Rex. Dr. H.M. Lys van besienswaardighede in Pretoria. Pretoriana Nr. 55 Desember 1967

**<u>Naskrif</u>**

Jammer vir die vervelige brief, toe ek begin skryf het, het dit egter nie so gevoel nie. Volgende maand wil ek graag skryf oor die eerste blanke bewoners van Pretoria. Enige iemand wat 'n bydrae kan lewer stuur dit asseblief aan. Ek het alreeds heelwat van Mari Mosterd ontvang. Enige ander interessante bydraes is ook welkom, gesels asseblief saam.

Groete Rosa Swanepoel